

Les 14

Teks: Johannes 6: 40 - 60

1. Inleiding

'n Mens leef nie van brood alleen nie. Ons staan vanoggend weer voor een van die letterlik/geestelik verstaan probleme in die Johannes evangelie. Die probleem lê by die Jode wat net die manna as letterlike fisiese brood uit die hemel geken het. Maar nou sê Christus dat Hy die brood uit die hemel is. Hy wat tog maar die seun van Josef en Maria is.

2. Murmurering as bewys

Die feit dat die jode murmureer onder mekaar in vers 43, bewys dat hulle eintlik goed verstaan wat Christus besig is om te openbaar. Hy gebruik taal en idiome wat hulle goed ken, soos hierdie konsep oor brood uit die hemel. Die numerering gaan waarskynlik oor die godslasterlikheid van die saak en nie oor die letterlik verstaan van Christus se liggaam eet nie.

3. 'n Gereformeerde openbaring

Die eeue oue stryd tussen Calvinisme en Arminianisme of watter benaming dit ook al voorheen gehad het is ook lewendig hier in die konteks waar Christus bedien. Die punt bly dat die God is wat mense na Hom toe trek. Redding en geloof geskied nie op grond van 'n besluit wat ek op my eie gemaak het nie. Daarom natuurlik bekende woorde in vers 44.

4. Die diepte van die openbaring in Christus

In vers 45 - 50 maak Christus dit duidelik dat niemand behalwe Hy al vir God gesien het nie. Self Moses het nie vir God gesien nie. Want ons weet natuurlik aan die hand van Eksodus 33:20, dat niemand die Here kan sien en bly lewe nie. Maar meer as net die sien van die Vader kom openbaar Christus dan ook die Vader aan die mense. Christus is natuurlik die enigste weg om by die Vader uit te kom. Hierin lê die inklusiwiteit van die evangelie vir die wat glo, maar ook die eksklusiwiteit vir die wat nie glo nie. In Vers 50 word die fisiese Manna weereens vergelyk met die spirituele brood wat Christus gee. Die een sal jou net in hierdie lewe aan die lewe hou, maar die ander vir ewig. Christus volg dit dan op met een van Sy bekende Ek is uitsprake.

5. Bly in My

Hier tref ons die deurlopende Nuwe Testamentiese klem op die volharding van die heiliges aan. Ware reaksie in die geloof word bevestig deur 'n voortdurende reaksie in die geloof. Hierdie klem op volharding is die ontbrekende element in moderne geloofsbenaderings. 'n Mens moet nie net in geloof begin nie, maar daarin eindig. Jonathan Edwards het gesê: "Dit is sekerlik 'n bewys van die uitverkiesing wanneer iemand uithou tot aan die einde.

6. 'n Unieke benaming vir die Vader

in vers 57 word 'n unieke benaming vir God gebruik. Die lewende Vader. Ons weet dat daar gereeld na God verwys word aan die hand van Sy eienskappe. Tog weet ons dat al die eienskappe van die Here beter en meer perfek is as wat ons ooit sal kan verstaan. Maar dit maak tog ten einde laaste net sin dat die Vader wat lewe aan alles en almal gee ook self lewe. Dit skep ook die finale kontras met die volksvaders wat manna in die woestyn geëet het en tog gesterf het.

